Halala Afrika

deur Johannes Kerkorrel

1. Toe die wêreld hier nog jonk was en die horison wyd en oop
2. Was dit groen hier in die halfrond, suid van die ewenaar
3. En in die skemer as die son sak en die beeste huis toe loop
4. Klink die roepstem van die vroue oor die heuwels van die land:

5. Halala, ewig is ons Afrika.
6. Tula tula mtanami,
7. tula tula sanaboni,
8. tula tula mtanami,
9. Ubab uzobuya sihlale naye,
10. ubab uzobuya sihlale sonke,

11. Toe kom die skepe uit die weste, wit seile oor die see
12. Om te vra vir kos en water en te bly vir so veel meer.
13. En die land wat een tyd oop was, die land het ons verruil
14. Vir die ghetto's van die stede is ons koperdraad gegee.

15. Halala, ewig is ons Afrika
16. Halala, sasiphila, kamnandi, halala, mayibuye Afrika
17. Tula tula mtanami, tula tula sanaboni, tula tula mtanami,
18. Ubab uzobuya sihlale naye, ubab uzobuya sihlale sonke,

19. Daar was rykdom in die maag van ons moeder Afrika
20. Diamante en ook steenkool, goud, edel metaal
21. En die mense word die slawe hier want die mense word betaal
22. Om te tonnel in die aarde elke greintjie uit te haal
23. En die groot en oop grasvlaktes span dit toe met doringdraad
24. En van die olifant tot die gemsbok al die diere moes kom buig
25. Voor die mag van die grootwildjagter voor die mag van sy groot geweer
26. Totdat net die stilte oorbly, totdat net die stilte heers.

27. Halala, ewig is ons Afrika.

Beantwoord die volgdende vrae:

1. Pas kolom B by kolom A. Skryf slegs die vraagnommer en letter van die korrekte

Kolom A	Kolom B
1.1 Halfrond	a) Altyd
1.2 Ewenaar	b) Krotbuurte
1.3 Ewig	c) Deel van die aarde, suid of noord van die ewenaar
1.4 Slawe	d) ‘n Klein bietjie, hier beteken dit elke stukkie
1.5 Greintji	e) Denkbeeldige horisontale streep wat die aarde in twee verdeel
1.6 Wêreld	f) Mense wat ander se eiendom is en vir hulle al die werk doen
1.7 Skemer	g) Diere wat op ‘n plaas voorkom
1.8 Ghetto’s	h) Jy kan dit drink
1.9 Beeste	i) Oseaan
1.10 Afrika	j) ‘n BAIE groot dier wat in die wildernis voorkom
1.11 Skepe	k) Laat middag, as die son begin sak
1.12 See	l) Aarde
1.13 Water	m) ‘n Kontinent
1.14 Olifant	n) ‘n Tipe vervoermiddel

antwoord neer.

2. In watter kontinent vind die gebeure in hierdie gedig plaas? Haal ‘n versreël uit die gedig aan as bewyse van jou antwoord.
3. Bly die vrouens waarvan die digter in strofe een praat in die stad of in ‘n landelike gebied? Haal ‘n versreël aan as bewyse van jou antwoord.
4. Wie troos die vrouens in strofe 2?
5. Wie het op die skepe uit die weste gekom?
6. Wat het hierdie mense op die skepe op die nuwe continent kom soek?
7. Waarvoor is die land verruil volgens strofe 3?
8. Het die ruil van die land vir die mense in Afrika ‘n positiewe einde gebring? Waarom sê jy so?
9. Die eertse versreël van strofe 5 bevat Personifikasie.
    a. Haal die personifikasie aan.
    b. Wat word gepersonifiseer in hierdie versreël?
10. Wat het die mense van Afrika gedoen om te oorleef volgens strofe 5?
11. Die mense van Afrika work beskryf as ‘slawe’. Hoekom?
12. Wat doen die nuwe inwoners van Afrika aan die naruurlewe? Noem twee feite uit strofe 5.
13. Wat veroorsaak die nuwe inwoners se aksies volgens strofe 5?
14. Die laaste strofe bevat ‘n eufemisme. Waarna verwys die eufemisme eintlik?